NG KERK PETRUSBURG

Deur God se genade
'n biddende gemeente,
wat mekaar in liefde dien en
uitreik na die wêreld.

Leraar: Ds.Jaco Thom ✆ 084 523 1157 ✉ jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Skriba: Madette Lombaard ✆ 053 574 0279 ✉ ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis: Elmien Thom ✆ 084 562 3434 ✉ elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster: Annamarie Dercksen ✆ 072 499 4262 ✉ annamarie.dercksen@yahoo.com
www.ngkerkpetrusburg.co.za NG Kerk Petrusburg

20 Augustus 2020

Erediens Sondag 23 Augustus
Ds. Carel van Wyk lei die erediens.
Skriflesing: Matt 6:14-15
Tema: *Vergifnis*

LW: Jy kan by die erediens inskakel op ons webwerf, of kontak Jaco om jou op die WhatsApp-groep te sit waar die skakel na die erediens (en die hoofstuk van die dag) gereeld gelaai word.

Onthou om asseblief met die oorbetalings van Dankoffers
verwysings by te sit soos volg:
Dankoffer + Voorletters en Van
Bankkollekte of Deurkollekte.
(Dit is nie nodig om 'n naam by te sit met inbetaling van bankkollekte of deurkollekte nie)

Deuroffers die Sondag 23 Augustus:
Bediening Kerkjeug

Ds.Jaco is van 3 – 30 Augustus met verlof, indien daar enige dringende sake is skakel gerus die kerkkantoor of vir Danie Jacobs 072 630 8964.

Neem asseblief kennis...
Die kerkkantoor sal gesluit wees vanaf 21 Augustus tot 28 Augustus, Madette gaan op 'n week verlof.

Laat ons asb. weet van lief en leed sodat ons dit met die gemeente kan deel.

VERJAARSDAE

Seënwense vir almal wat die komende week verjaar.
Mag dit 'n besonderse jaar vir elkeen van julle wees:

Augustus

23 Apie Ebersöhn
24 Hester De Jager
24 Elsa Ebersöhn
26 Danie Jacobs
26 James Oertel
26 Amanda Van der Westhuizen
27 Dewan Bouwer
29 Martie Smit

Gebedsversoeke

Ons innige simpatie met dr. Hercule en die familie met die afsterwe van sy ma en
met Herman Pietersen met die afsterwe van sy ma Poppie Burger (oud inwoner van Petrusburg)
Begrafnisdiens vind plaas Saterdag 22 Aug. om 12:00 op die plaas.

Mag die Here julle vertroos en die nodige krag
gee om deur hierdie moeilike tyd te kom.

Dr. Hercule is opgeneem in die hospitaal, hy is nog baie siek.

Ezelle Wilson - meeste Petrusburgers ken haar, sy is ook opgeneem in die hospitaal vir Covid 19.
Japie Strauss – opgeneem in die hospitaal – gesondheid komplikasies, word darem ontslaan id week

Ons bid en glo dat hulle in goeie hande is en dat hulle gou gesond sal word.

Daar is soveel mense wat hulle werk verloor het en besighede wat baie swaartrek met die inperkinge (in Petrusburg ook). Kom ons bid vir die mense.

~~~~~~~~
~~~~~~~~

Projek ter ondersteuning
van Ons Woning
(Bejaardes en Personeel)

Liewe Vriende

Ek dink ons is almal in ‘n mate bewus van die emosionele impak wat die inperking op ons bejaardes het. Waar die deure en grense stadigaan besig is om vir ons oop te gaan, bly ons bejaardes nog ingegrendel. Wil julle nie ASSEBLIEF met my hande vat om hierdie “projekkie” te loods om Ons Woning se bejaardes (en Personeel) te ondersteun nie…? Die Here het ‘n paar gedagtes in my hart wakker gemaak wat ek met Elmarie (matrone) bespreek het. Indien jy op ENIGE manier betrokke wil raak, kontak my asb. (Lulu: 083 309 7277)

- **GEBED**: Sien jy dalk kans om jou te verbind om op ‘n daaglikse/weeklikse bases te bid vir 3-4 bejaardes en personeellede. Ons sal name voorsien. (Bejaardes alleen is 70)
- **GEBEDSLAER/STAP**: Donderdag, 27 Augustus om 16:30. As ons nie toestemming kan kry om aan die buitekant van die heining, vanaf die groot hek, tot in Oosstraat waar die woonstelle eindig, stelling in te neem en vir 30 minute te bid nie, sal ons ‘n Gebedswandeling doen rondom ONS WONING. Gebedsversoeke en name sal verskaf word.
- **BEMOEDIGING**: Sien jy kans om 2 of 3 bejaardes 1 x per week te bel of te boodskap (die wat wel oproepe of boodskappe kan ontvang)net om net te hoor hoe dit gaan en hulle positief te bemoedig?
- **IETS TASBAAR**: Is jy bereid om ‘n briefie aan 2 of meer bejaardes te skryf/‘n kaartjie te maak met ‘n bemoedigende boodskap/gebed en of teksverse wat ons tydens GEBEDSWAGWEEK (31 Aug – 5 Sept) aan hulle kan oorhandig? Name sal voorsien word.
- **SAGTE SPEELDING**: GEEN drukkies word toegelaat in Ons Woning nie – regulasies van bo. Ons bejaardes het AANRAKING so geweldig nodig. Ons wil graag elkeen seën met ‘n heerlike sagte drukkie-ding wat hulle kan troos. (Klink dalk belaglik vir volwassenes, sielkundig doen dit wondere!!) Ek weet dit kos geld, maar as jy kanssien om by te dra en self so ‘n stukkie troos sal gaan uitsoek, sal dit SO waardeer word! (Wil ook graag tydens gebedswag uitgee)
- **Baie dankie dat jy sal oorweeg om ‘n liefdespleister te wees vir OW!**